MAYVIES NUUSFLITS/26



19 November 2026: Nuusbrief 37

UIT DIE PEN VAN ONS HOOF

Liewe Mayvie-ouers, personeel en leerders

Die einde van November is hier en ons begin reeds die Kersfeestyd nader. Dit is 'n besondere tyd van die jaar waarin ons nie net uitsien na vakansie en feestelikhede nie, maar ook 'n oomblik kan neem om stil te staan en na onsself te kyk.

Kom ons dink weer na oor dit wat werklik belangrik is. Kom ons wees dankbaar vir al die voorregte, geleenthede en mooi dinge wat ons elke dag ontvang. Ons as skool het soveel om voor dankbaar te wees. Ons het die voorreg om deel te wees van 'n gemeenskap waar ons kan leer, groei, droom en saam bou aan die toekoms.

Maar kom ons onthou ook dat nie almal so bevoorreg is nie. Terwyl ons voorberei op die feestyd, is daar mense rondom ons wat dalk 'n bietjie ekstra liefde, aandag, ondersteuning of omgee nodig het. Kom ons maak 'n doelbewuste poging om uit te reik, om raak te sien en om 'n verskil in iemand anders se lewe te maak. Soms is 'n klein gebaar van vriendelikheid vir iemand anders van onskatbare waarde.

Mag ons hierdie laaste rukkie van die kwartaal kies om liefde, geduld, vrede en verdraagsaamheid uit te leef. Kom ons wees bedagsaam teenoor mekaar, kies ons woorde met sorg en onthou dat ons elke dag die geleentheid het om iemand se dag 'n bietjie mooier te maak.

Mag elkeen van julle 'n mooi en geseënde laaste paar dae by die skool beleef. Mayvie Personeel dankie vir al julle harde werk byt vas die einde is in sig!

Mnr. Joubert

Onthou: Mayvies bou harte met trots!



Gedagte vir die week

Moenie so besig wees om te droom oor môre dat jy vergeet om dankbaar te wees vir vandag nie.



KONTAK MEV. ROBBERTZE

rakende enige skoolfonds navrae.

(012) 335 2300 X 2
/
finansies@mayvies.co.za

Vir enige navrae is u welkom om Mev. Robbertze by finansies te kontak by

012 335 2300.

Mayville het nou **'n kaartmasjien** beskikbaar vir alle betalings.



Skryfbehoefte vir leerders

- **Gr R tot 3** gaan weer direk by Deans hul **skryfbehoefte pakkette** kan bestel.
- **Gr 4 tot 7** kry 'n **skryfbehoeftelys** en kan ouers by enige van hul eie verskaffers dit aankoop.
- **Gr R – 3** - ontvang **Werkboeke** in 2027.
- **Gr 4 – 7** - leerders ontvang **Diktate** in 2027 vanaf die skool.

Bogenoemde is goedgekeur deur die **Beheerliggaamvergadering** wat gehou was op **17 Augustus 2026**

UITTEKEN EN AFKONDIGING

VAN LEERDERS EN TOEBEHORE

- Gereelde afkondigings gedurende onderrigtyd onderbreek die onderrigproses.
- Leerders sal slegs aan die einde van 'n periode geroep word, indien hulle uitgeteken moet word.
- Indien dit pouse is, sal leerders eers ná pouse geroep word, aangesien afkondigings tydens pouse nie deur alle leerders gehoor word nie.
- Items wat gedurende die dag benodig word, moet asseblief soggens vóór 08:00 by die kantoor afgegee word. Leerders moet verantwoordelikheid neem vir alles wat hulle gedurende die skooldag benodig.

Dankie vir u samewerking en begrip.

Manna vir Mayvies

Mayvies gee om!

Saam maak ons 'n verskil!

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

ONS HET JOU HULP NODIG!

Help ons om broodjies vir behoeftige Mayvies te maak.

Elke broodjie maak 'n verskil in 'n kind se dag.

WIL JY HELP?

Kontak ons vandag om deel te word van die Manna vir Mayvies-span.

KONTAKNOMMER
076 419 1234

Skandeer of WhatsApp ons vandag!

EEN BROODJIE KAN EEN KIND SE DAG VERANDER.

DRINGENDE KENNISGEWING

- **GEEN OUERS** mag gedurende skoolure enigsins op die skoolterrein rondbeweeg of tussen die klasse wees nie.
- Indien u wel 'n onderwyser moet sien moet u asseblief **'n afspraak na skoolure** maak.
- Alle ouers moet eers by die **kantoor** aanmeld.
- **GEEN LEERDER** mag deur ouers na enige klasse vergesel word nie.
- Indien daar 'n krisis of 'n probleem is, sal daar van die kantoor se kant af 'n plan gemaak word om u as ouer te help.

Kom ons vat hande en help mekaar asseblief!

NETBAL DAG

ALLES IS BETER MET NETBAL

Kom speel, lag, maak nuwe vriende!

Kinders 0/9 tot 0/13 | **Mixed** | **Vrouens**

Datum: **28 NOVEMBER 2026**

Plek: **LAERSKOOL MAYVILLE**

Tyd: **8 UUR**

Koste: **R30 PER WEDSTRYD PER SPELER**

Speel Geniet Ondersteun

Inskrywings:
https://forms.gle/HYjzGdPfaxgtZTcp8

Sluitingsdatum vir inskrywings: **16 NOVEMBER 2026**

Navrae: Liezl 082 844 9520

SLUSH PUPPIES | RIB BURGERS | POP CORN | WATER | BOEREWORS-ROLLE

KWARTAAL 4 GEKONTROLEERDE TOETSREEKS

	11 NOV	12 NOV	13 NOV		16 NOV	17 NOV	18 NOV	19 NOV	20 NOV		23 NOV	24 NOV	25 NOV	26 NOV	27 NOV
Graad 4	NWT	ENGELS 1	AFRIKAANS 1	NAWEEK	GESKIEDENIS	WISKUNDE 1	PSW	ENGELS 2	WISKUNDE 2	NAWEEK	GEOGRAFIE	AFRIKAANS 2	BEELDENDE KUNS	GELEENTHEID VIR INTERVENSIE	PUNTE IN OP PRICIPAL PRIMARY(08:00)
Graad 5	NWT	ENGELS 1	AFRIKAANS 1		GESKIEDENIS	WISKUNDE 1	PSW	ENGELS 2	WISKUNDE 2		GEOGRAFIE	AFRIKAANS 2	BEELDENDE KUNS		
Graad 6	NWT	ENGELS 1	AFRIKAANS 1		GESKIEDENIS	WISKUNDE 1	PSW	ENGELS 2	WISKUNDE 2		GEOGRAFIE	AFRIKAANS 2	BEELDENDE KUNS		
Graad 7	NATUUR-WETENSKAP	ENGELS 1	AFRIKAANS 1		EBW	WISKUNDE 1 EN 2	LEWENS-ORIENTERING	ENGELS 2	TEGNOLOGIE		GESKIEDENIS	AFRIKAANS 2	SKEPPENDE KUNS	GEOGRAFIE	

DAGPROGRAM: Leerders skryf in Registerklasse.

07:20 – 09:15	REGISTER EN STUDIESESSIE
09:15 – 09:45	POUSE
09:45 – 12:00	SKRYFSESSIE
12:00 – 12:30	POUSE
12:30– 13:00	INNEEM VAN BOEKE
13:00	VERDAAG DIE LEERDERS. PERSONEEL BESKIKBAAR TOT 13:40 VIR LEERDERS MET VRAE EN HULP.

Afwesighede:

Indien 'n leerder met 'n geldige rede tydens 'n vraestel afwesig is moet die nodige dokumentasie bv. doktersbrief by die betrokke vakonderwyser ingehandig word. Die leerder en onderwyser sal dan op 'n datum ooreenkom waarop die vraestel ingehaal sal word, indien die tyd dit toelaat, andersins sal die leerder se deurlopende assessering as kwartaalpunt gebruik word.

Indien 'n leerder nie 'n geldige bewys vir afwesigheid inhandig nie, sal die leerder **nie** die geleentheid gegun word om die vraestel in te haal nie. Die leerder sal dan 'n **0** vir die betrokke vraestel kry.

Vriendelike groete

Hoof | Departementshoof

Moenie net wens vir goeie punte nie.
Werk daarvoor, glo daarin
en doen jou bes!

Manna vir Mayvies

Help ons om Kersvreugde te deel!

Liewe Ouers

Kom ons maak saam 'n verskil!

Elke **GRAAD** kry 4 Kersgeskenksakke om, tussen die drie of 4 klasse, vol te maak.

PROJEKDATUM
2 – 27 NOVEMBER

Hoe kan U help?

- Skenk items volgens die lysies.
- Handig items by jou voogonderwyser in.
- Enige bydrae kan ook gemaak word.

KOELDRANK / AANMAAK KOELDRANK

- ☐ Koeldrank/aanmaak Koeldrank
- ☐ Skyfies/popcorn
- ☐ "Jelly"-lekkers
- ☐ Sjokolade
- ☐ Kersfees lekkers
- ☐ Koekies
- ☐ Beskuit
- ☐ Blikkies vrugte
- ☐ Vla/vlapoeier
- ☐ Jelly
- ☐ Muffins mix/ Kolwyntjie mix (easy mix)

SKRYFBEHOEFTES

- ☐ Blou penne (15)
- ☐ Grys potlode (20)
- ☐ Inkleur potlode
- ☐ Liniaal
- ☐ Skerpmaker
- ☐ Uitveer
- ☐ Gom (4)
- ☐ Kleurpenne
- ☐ Uitdraai kryte
- ☐ Skêr

TOILETWARE

- ☐ Tandepasta
- ☐ Lyfwas/seep
- ☐ Lyfroom
- ☐ "Roll-on"
- ☐ Spuitgoed (body spray)
- ☐ Waslap
- ☐ Tandeborsel
- ☐ Sjampoe
- ☐ Conditioner
- ☐ Skeermes
- ☐ Toiletpapier (4)
- ☐ Waspoeier

NIE-BEDERFBARE KOS

- ☐ Blikkies kos – groente of mielies
- ☐ Pakkies sop
- ☐ Mieliemeel
- ☐ Olie
- ☐ Pasta
- ☐ Bullybeef
- ☐ Tuna
- ☐ Tamatie en uie mengsel
- ☐ Koffie
- ☐ Rys
- ☐ Suiker
- ☐ Langlewe melk/melkpoeier
- ☐ Kits Oats
- ☐ 2 minute noodles

Saam maak ons Kersfees spesiaal vir ons Mayvies!

Dankie vir u ondersteuning deur die jaar!

MERIETE GELEENTHEDE

INTERSENFASE (GRAAD 4 TOT GRAAD 7)

Ons is baie trots op elke leerder wat uitblink op verskeie gebiede en wat Laerskool Mayville se naam hoog hou.
Ons gee graag erkenning aan ons Intersenfase leerders by drie verskillende geleenthede:

1. ERKENNINGSOGGEND

Alle leerders wat gedurende die jaar aan sport, kultuur en dienslewering by Laerskool Mayville deelgeneem het, ontvang 'n sertifikaat vir hul deelname, harde werk en deursettingsvermoë.

Hierdie geleentheid vind gedurende skooltyd in die skoolsaal plaas. (Slegs leerders woon dit by).

2. SPORT- EN KULTUUR MERIETE AAND

1 DESEMBER

'n Leerder wat vir hierdie aand genooi word, sal 'n uitnodiging vanaf die skool ontvang.

3. AKADEMIESE EN LEIERSKAPS MERIETE AAND

2 DESEMBER

Leerders wat hierdie aand gaan bywoon, word ook skriftelik, en soms telefonies na die geleentheid toe uitgenooi.

★ SPESIALE PRESTASIES ★

Tydens die **Sport- en Kultuur Meriete** aand is daar ook geleentheid om aan sekere leerders erkenning te gee vir spesiale en uitsonderlike prestasies wat behaal is gedurende die huidige jaar.

Ouers moet die bewyse van die leerder se Provinsiale- of Nasionale kleure/erkenning na me. A Roets stuur **voor/op 31 Oktober.**

(Briewe met skeurstrokies is reeds uit aan elke leerder).

Belangrike Kennisgewing

Neem kennis dat die leerders tydens die eksamens vroeër verdaag.

Vanaf 11 November tot 26 November sal die leerders 13h00 verdaag.

Eksamenstyd

'n Gebed

Liewe Here

Dankie dat U altyd by ons is.
Ons vra dat U ons sal help om rustig en gefokus te bly wanneer ons eksamen skryf.

Help ons om te onthou wat ons geleer het, gee ons wysheid wanneer ons onseker voel en moed wanneer iets moeilik raak.

Neem asseblief ons bekommernisse weg en herinner ons daaraan dat ons altyd ons beste kan gee, want U is saam met ons.

Seën ook ons onderwysers en almal wat ons deur die jaar gehelp het.

Ons plaas ons eksamen en ons uitslae in U hande.

Amen.

"Wees sterk en vol moed. Moenie bang wees nie, want die Here jou God is by jou oral waar jy gaan."

Josua 1:9



LAERSKOOL MAYVILLE

Skoolfonds vir 2027

MAYVILLE SKOOLFONDS (GR R – 7)

(GEEN SUBSIDIE VIR LEERDERS BUITE GRENSGEBIED)

Mayville skoolfonds Gr R – 7 bereken oor 12 maande.

Aantal leerders	Maandeliks (2027)	Maande	Per Jaar	Verskil
1 x leerder	R1 271.00	12	R15 252.00	R125.00
2 x leerders	R2 196.00	12	R26 352.00	R200.00
3 x leerders & meer	R3 229.00	12	R38 748.00	R250.00

VERBRUIKERSFOOIE (EENMALIG)

- **Gr 1 – 7: R1 200.00**
  (Word aangewend vir aankoop van skrifte, werksdiktate, voorblaaie, kartonne, plastiek oortreksels, ens. vir **EENVORMIGHEID.**)
- **Gr R: R1 400.00**
  (Word aangewend vir aankoop van **EENVORMIGE** benodighede vir bak & brou asook verwe ens.)

MAYVILLE NASKOOLFONDS

GEEN subsidie word toegestaan vir **Naskool nie.**

Aantal leerders	Maandeliks (2027)	Maande	Per Jaar	Verskil
1 x leerder	R1 375.00	12	R16 500.00	R125.00
2 x leerders	R2 440.00	12	R29 280.00	R200.00
3 x leerders & meer	R3 561.00	12	R42 732.00	R250.00

BANKBESONDERHEDE

Dieselfde bankrekening word gebruik vir skoolfonds en naskoolgelde, maar aparte betalings moet gedoen word en verskillende verwysings moet gebruik word.

ABSA
Takkode: 632005
Rekeningnommer: 0630530024
Rekening Naam:
Skoolgelde Laerskool Mayville

Verwysing: Familiekode + Skoolgeld

BETALINGS

SKOOLFONDS BETALING

- Elektroniese inbetaling moet asseblief ge-epos word na:
- Epos: finansies@mayvies.co.za
- **Finansiële dame:** Me Robbertze – 012 335 2300

NASKOOL BETALING

- Aparte elektroniese betaling moet vir naskool gedoen word.
- Epos: finansies@mayvies.co.za
- Vir aandag: Me Robbertze

Laerskool Mayville

Mayvies volhard en oorwin!

SKRYFBEHOEFTELYS

Graad 4 tot Graad 7

☐ 2 x	Houer sneesdoekies – handig in by voogonderwyser
☐ 1 x	Pak swart sakke – handig in by voogonderwyser
☐ 2 x	Rieme wit Typek papier – handig in by voogonderwyser
☐ 2 x	Bloupenne
☐ 2 x	HB potlode
☐ 2 x	Lang liniaal
☐ 1 x	Skerpmaker
☐ 1 x	Uitveër
☐ 1 x	Skêr
☐ 2 x	Buisies gom – verkieslik Pritt
☐ 1 stel	Inkleurpotlode
☐ 1 stel	Kleurpenne
☐ 10 x	A4 sakkies/koeverte/"carry folder" om leerder se skrifte en diktate netjies te hou.
☐ 1 x	A4 witbordjie met twee witbordpenne (Gr 4 – 6)
☐ 1 x	Passer – slegs Gr 6 en Gr 7
☐ 1 x	Gradeboog – slegs Gr 6 en Gr 7
☐ 1 x	Sakrekenaar met geheuefunksie – slegs Gr 7

Skooldagboek/Huiswerkboek: Leerders word van 'n dagboek voorsien met die aanvang van die nuwe jaar. Huiswerk gaan daarin geskryf word – geen dagboek hoef dus aangekoop te word nie.

NB: Merk al die skryfbehoeftes **duidelik** sodat dit nie wegraak nie. Skryfbehoeftes moet asb. deurlopend nagegaan en vervang word soos nodig.



BESIGTIGING VAN Gr 4-7

LEERDERS SE VRAESTELLE

Ouers wat graag hul kind se vraestelle wil besigtig en bevestig, is welkom om dit op

Maandag, 30 November,

tussen **08:00** en **10:00**

in die Mediasentrum by die skool te kom doen.

Ouers moet asseblief vooraf die skool per e-pos by

ontvangs@mayvies.co.za

in kennis stel.

Die e-pos moet teen
Vrydag, 27 November om 12:00
ontvang word, sodat die nodige reëlings en voorbereiding betyds getref kan word.



ONS WAARDEER ONS BORGE!

BAIE DANKIE VIR JULLE ONDERSTEUNING

Specialist in Meat, Sausage & Cold Meat Production.

Address: R512, Brits, 0250

012 252 6056

Die Hengelvriend

203 Swaan St, Jan Niemand Park, Pretoria, 0186

066 249 0428

USN

UNMATCHED RESULTS

www.za.usn.global

COSAVE POWERBUILD & WHOLESALERS

Building materials and hardware

586 Bonita Cres, Kirkney, Pretoria, 0812

012 372 0000

COLBYN GOLF PARK PRETORIA

58 Kilnerton Rd, Colbyn, Pretoria, 0083

010 023 1148

PATS

Road 6, Lavender Square Lavender east, Braam Pretorius St, Aeolin, Pretoria, 0182

012 567 1073

BROTHERS ARMS

UNITED WE STAND DIVIDED WE FALL

Brothers Arms Firearm and Shooting Accessories

012 333 9899

OBARO

IN LYN MET DIE BOER

ALIGNED WITH THE FARMER

Plot 107, De Onderstepoort, 631 Lavender Rd, Onderstepoort, Pretoria, 0002

012 381 2935

prolong

SUPER LUBRICANTS

486 Taljaard St, Hermanstad, Pretoria, 0182

021 914 3383

Nando's

www.nandos.co.za/eat/order/

BEST CARE

"SERVICE FOR YOUR LIFE"

082 402 1416



ONS WAARDEER ONS BORGE!

BAIE DANKIE VIR JULLE ONDERSTEUNING

Profusion

PRINTING IDEAS. CREATING MEMORIES.

SMASH IT

083 412 1667 | 082 319 7769

SPAR

662 Paul Kruger St, Les Marais, Pretoria, 0084

012 335 2964

ARRIE NEL APTEEKGROEP

Familie Waardes. Waarde vir die hele Familie!

arrienel.co.za

2021 LITTLE MOMENTS

Afi Plaas Vleis Deli

229 Doxa Deo rd Roodeplaat Pretoria, Roodeplaat, 0035

081 312 8134

ERIC BARNARD MEUBELS

Die familie-besigheid wat omgee!

739 Codonia Ave, Waverley, Pretoria, 0135

012 333 9899

HACKER JACKS

RESTAURANT & BAR

066 224 6210

S'IMPACT

Book indoor golf simulator sessions, coaching, club fitting, and practice time at SIMPACT Golf in Pretoria.

www.simpact.co.za/book

The Legendary BUTCHER

Dr Van Der Merwe Rd, Montana, Pretoria, 0182

064 750 5963

TOTUISDAL HANDELSHUIS SPORT

012 332 1380



ONS WAARDEER ONS BORGE!

BAIE DANKIE VIR JULLE ONDERSTEUNING

Builit

Plot 50 Toermalyn Street, Klerksoord Pretoria

Big Dutchman

Poultry Farming Solutions for Maximum Productivity

ORNER

Adelaars Restaurant & Venue

850, 16th Avenue, Wonderboom South

060 719 3276

CENTA GROUP

COMPLETE FIRE PROTECTION

Melandri Van Wyk - 012 379 2578

074 135 8421

cim

Lab Certified Lubricants

The Hair Fairy

All Wellness Care

012 329 9867

DENVER SPUR

STEAK RANCHES

Shop 116, Jacaranda Centre, Frates Rd

ITEMBA

AIR CONDITIONING SERVICES CC

All your heating, ventilation and air-conditioning needs in one place.

Address: 648 Ben Swart St, Gezina, Pretoria, 0031

Phone: 012 335 4870

Skye PADEL

083 412 1667 | 082 319 7769

SMASHITAPPAREL@GMAIL.COM

Linga Linga Paradise Lodge

Beautiful self-catering accommodation in a tropical setting, perfect for a relaxing getaway.

Liahne

082 576 5353

MASHED POTATOES BROADCAST

LIVE SCHOOL SPORTS COVERAGE

Live streaming and video coverage of school sports events.



As **TREE** mik ons daarna om lankblywende impak in skole te maak, en kinders se lewens aan te raak. Ons het dus **TREE**-werkers in skole om kinders by te staan deur moeilike en beter tye wat deur generasies sal eggo.

Ons, as **TREE,** bied vir elke ouer die geleentheid om topgehalte vleis te kom koop op die **28ste November** by ons **TREE Vleismark** wat sal plaasvind by **Doxa Deo Wonderboom** om **08:00-11:00.**

Van wors tot ribbetjies. Van hoender tot beesfillette.

Jy gaan in elkgeval vleis vir Desember moet koop, maar jy kan dit teen 'n baie beter prys kom doen en so ook die **TREE** werker wat in jou kind se skool is, ondersteun.

28 November
08:00-11:00
Doxa Deo Wonderboom

Ten bate van **tree.**

Mayvies se baie dankie.